

Dinsdag 14 September

Skrifgedeelte: Titus 3:8-11

Fokusgedeelte Titus 3:8

Gesonde leer en lewe van ons geloof in die Here

Paulus se briewe aan Timoteus en Titus word sedert vroeg in die 18de eeu die *Pastorale Briewe* genoem. Titus se tema is die plaaslike kerk, sy leiers en lede. Ons verse in hierdie deel bevat in hoofsaak die aanmoediging om aan te hou om goed te doen, want in Kreta moes Titus ongerymdhede, selfs dwaling, regstel en geskikte voorgangers aanstel. Gelowiges het 'n publieke verantwoordelikheid teenoor mekaar om as erfgename in die hoop van die ewige lewe (vs 7) die goeie werke waarvoor hulle in Christus nuutgeskape is, "voor te staan", dit wil sê teenoor mekaar uit te lewe. Die geloofslewe in Christus was nog nooit iets privaat of individualisties nie – tereg Barclay se stelling "... *God knows nothing of solitary religion ...*" – want die Heilige Gees werk binne die gemeenskap van die heiliges.

Die gemeente moet derhalwe altyd rein wees, vervul met die Heilige Gees (Ef. 5:18). Dinge wat Hom kan bedroef of selfs uitblus, moet tot elke prys vermy word, soos dwase strydvrage, 'n gestry oor geslagsregisters, twis en stryery oor die wet. Dit is van geen enkele nut of doel. Daarom die waarskuwing: Pasop vir mense wat met hierdie skynbaar "godsdienstige" dinge eintlik maar net besig is om partyskap te verwek. Moenie so iemand verstoot nie. Kom die geestelike leierskapvereiste om selfs meer as een keer te vermaan, getrou na. Maar as iemand nie wil luister nie, vermy dan die plekke waar die plaë val.

Die kerk van die Here, hoewel twee millennia in tyd van Kreta verwyder, word nog steeds deur die dinge waarteen die apostel vir Titus waarsku, geteister. As sodanig is sy pastorale advies steeds uiters kosbaar vir vandag se kerk – sy instruksie is nie ouderwets nie, maar so relevant asof dit vandag aan 'n Timoteus of Titus en hulle amptelike bedieningsgenote – ouderlinge en diakens – gerig is.

Sing: Skrifberyming 14:1-2

Dr. C Botha (Chris) (Die Kandelaar)